Cunninghamlaan 1182, Pretoria
www.dopperspele.co.za
dopperspele@gmail.com

Mei 2026

**Dopperspele 2026**

Dit is nou byna tyd vir die jaarlikse Dopperspele. Alhoewel hierdie projek begin is as fondsinsamelingsprojek, het dit vinnig geblyk dat die geleentheid tot versterking van onderlinge bande en die geloofsgemeenskap ’n belangrike fokus moet wees. Hierdie dag dien steeds as fondsinsamelingsprojek, maar dít waarvoor die fondse gaan, het ook al ’n groter doel begin kry.

Vir Gereformeerde Skool Dirk Postma (GSDP) is dit ’n voorreg om die Dopperspele op hul terrein te kan aanbied. Saam met die Dopperspele bied GSDP ook Opedag-aktiwiteite aan sodat al die besoekers iets meer van die skool kan ervaar. Deurstapsessies vind tussen 09:00-11:00 en 12:00-13:00 plaas.

Daar is heelwat logistieke reëlings wat baie mooi op die Dopperspele-webtuiste uiteengesit is. Klik op hierdie skakel om seker te maak van al die reëls, die tydskedule en die punte: Dopperspele


**Die volgende is ook baie belangrik:**

1. Elke gemeente bring hul eie gazebo’s en kampstoele.
2. Daar is vir elke gemeente ’n spasie toegedeel waar hul **twee** gazebo’s van 3 m x 3 m kan opslaan.
3. Spandrag: Elke gemeente kan self besluit oor hul spandrag. Hiermee die kleure wat reeds aan gemeentes toegeken is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| APK | Donker khaki | | #5a4f1d |
| Alkantrant | Charcoal | | #343837 |
| Annlin | Grys | | #666666 |
| Centurion | Emerald Groen | | #50c878 |
| Daspoort | Ligblou | | #a6dae9 |
| Span Dawid | | | |
| Derdepoort | Geel | | #ffff00 |
| Die Kandelaar | Jade | | #44B98E |
| Kameeldrift | Oranje | | #FF5900 |
| Lyttelton | Bottelgroen | | #006a4e |
| Meintjeskop | Wit | | #ffffff |
| Oos-Moot | Lemmetjiegroen | | #65FE08 |
| GK Pretoria | Khaki | | #b6b27c |
| Paul Kruger Kinderhuis | | | |
| Randburg | Pienk | | #FF77FF |
| Rietvallei | Swart | | #000000 |
| Rooihuiskraal/Bergsig | Koningsblou | | #0000ff |
| Totiusdal | Navy | | #01153E |
| Waterkloofrand | Blou | | #3A2EFE |
| Wierdapark | Rooi | | C0012F |
| Wilropark | Maroon | | #990000 |
| Wonderboompoort | Turkoois | | #2ac2c2 |
| Wonderboom-Suid | Pers | | #A60FE2 |
| VGK Pretoria | Olyf | | #808000 |

4. Die eerste Jukskei-wedstryde begin reeds 07:30 en ander sporte om 08:40.
5. Die amptelike opening vind om 08:20 plaas.
6. Daar word op die dag heerlike ete's en verskeie kossoorte soos, hamburgers, *hotdogs*, *ontbytwraps*, pap en wors, pannekoek, koeldrank, tee, koffie, koek ens. verkoop. Die wins uit die meeste van die verkope gaan hoofsaaklik vir die EVT en Koningskinders.
7. Let wel, daar is geen parkering op die kerkterrein self nie. Alle gemeentes wat stalletjies het kry kans om alles af te laai en dan moet jul asb. by die parkie parkeer.
8. Die pluimbal vind plaas in die skoolsaal van Laerskool Totiusdal (Die ingang van LS Totiusdal en Dirk Postma se kleuterskool is albei in Cunninghamlaan en so 250 m van mekaar af). Laerskool Totiusdal se ingang is direk oorkant die parkie in Cunninghamlaan waar die parkering gaan wees. (Daar is gereël met 'n plaaslike sekuriteitsmaatskappy vir opgeleide sekuriteitsbeamptes wat die voertuie oppas). Hiermee ook die uitleg van die terrein:



9. Om die program te laat vloei en vlot te laat verloop, het ons asb. almal se ondersteuning nodig om stiptelik te wees en asb. te laat weet indien daar nie spelers vir ’n spesifieke sport/wedstryd is nie, dat ons nie vir die verloop van ’n wedstryd wag vir ’n span om op te daag wat dan nooit opdaag nie. Dit is altyd ’n teleurstelling vir deelnemers wat staan en wag vir opponente wat nooit opdaag nie.
10. Laastens, het die graad 10's van GSDP ’n fondsinsamelingsprojek (vir die graad 10-toer). Hulle gaan op die dag voertuie was. Daarvoor kan u in Codonialaan toegang verkry tot die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar se gronde. Daar sal ook langs die Ark op die laerskoolterrein deur die leerders roomys verkoop word ten bate van die graad 6-veldskool.

Ons sien uit om almal te ontvang vir ’n heerlike dag van samesyn, waar ons kan ontspan, lag, kuier, kompeteer, ja, alles tot eer van ons HERE!

Vir die wat nêrens ingeskryf het nie, kom maak gerus ’n draai, ondersteun die geleentheid en motiveer jul gemeente.

Vriendelike groete

Dopperspele-komitee